
# 348 O Jesus laat my nooit vergeet




Wie sal, o Here, kan bestaan
as al ons werk, eendag vergaan,
deurskou word in sy ware wese?
As U ons lot sou laat besleg
net deur die eise van u reg,
dan moet ons slegs in angs en vrese
die vonnis van die laaste dag
as reeds veroordeeldes verwag.

Maar wie, hoewel hy niks verdien,
sy regter ook as Midd’’llaar sien
wat reeds die skuld vir hom betaal het;
wie in geloof op Christus bou,
sy lot aan Jesus toevertrou
wat in ons duister ingedaal het,
hý kom nie in die oordeel meer
ontvang die vryspraak van sy Heer.

So word u wederkoms ons hoop,
u oordeel sluit ons toekoms oop,
u koninkryk vervul ons handel.
En in die skeemring van ons reis
is U die Môrester wat wys
die koers waarlangs ons voet moet wandel.
Ons harte juig: Die Heer kom weer!
Kom, Jesus, ja, kom spoedig, Heer!

Rhijnvis Feith (1753-1824) Genéve (1562)